## TER BEGELEIDING.

Dit is vir die *Kerkhistoriese Genootskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika* andermaal 'n besondere voorreg dat die *Genootskap* weer van die gasvryheid van die *Hervormde Teologiese Studies* gebruik mag maak om 'n proewe van sy werksaamheid aan te bied. Die drie referate wat by die Kongres van die *Genootskap* op 14 September 1959 gehou is, word in hierdie aflewering van die *Studies* gepubliseer. 'n Besondere woord van dank is aan Dr. B. R. Krüger, predikant van die Gereformeerde Kerk Pretoria-Brooklyn, verskuldig eerstens omdat hy by die Kongres as gasspreker opgetree het en tweedens omdat hy sy referaat ook vir publikasie hier afgestaan het.

Vanweë die feit dat die Gereformeerde kerk in 1959 die honderdjarige bestaan van dié Kerk in Suid-Afrika gedenk het, het die *Genootskap*, as blyk van sy belangstelling, sy Kongres met die tema *Rondom* 1859, laat plaasvind. Die drie referate hou dan ook aldrie verband met die kerkgeskiedenis van die Gereformeerde Kerk.

Met die publikasie van hierdie drie referate het die Bestuur van die *Genootskap* dit wenslik geag om twee besonder interessante en daarby besonder seldsame brosjures uit die jaar 1870 en 1875 weereens te publiseer. Die herdenking van die gebeurtenisse van 1859 op kerklike gebied, het beide brosjures weer aktueel gemaak. Altwee werkies word hier onveranderd gepubliseer behalwe dat die groot hoeveelheid drukfoute wat in beide voorkom, so ver as moontlik gekorriseer is.

Die eerste herdruk is die brosjure van die hand van Dr. Servaas Hofmeyr, predikant van die Ned. Gereformeerde Kerk van die Kaap in die jare 1857–1888. Hierdie brosjure wat in 1870 verskyn het, dra die titel: *Hoe de Afscheiding ontstaan is* en gee Dr. Hofmeyr se visie op die gebeurtenisse van 1859 en die persoon van Ds. Postma weer. Die brosjure dank sy oorsprong aan die feit dat met die Sinode van die Kaapse Ned. Gereformeerde Kerk wat in 1870 gehou is, 'n bespreking deur 'n „Openbare Verklaring" wat die Sinode van die Gereformeerde Kerk in 1869 die lig laat sien het, uitgelok is. Dr. Hofmeyr wil met sy werkie aantoon dat daar geen prinsipiële redes vir die Afgeskeies was om die gemeenskap van óf die Kaapse óf Vrystaatse Ned. Gereformeerde Kerke óf van die Ned. Hervormde Kerk in Transvaal te verlaat nie. Die brosjure word afgesluit met 'n drietal Bylaes wat nie sonder historiese betekenis is nie.

Die skrywer van hierdie brosjure was in meer as een opsig 'n merkwaardige persoon. Gebore in 1829 te Kaapstad as seun van Jan Hendrik

Hofmeyr 1789—1862 en Hester Sophia Joubert, is hy 'n broer van prof. N. J. Hofmeyr een van die eerste twee hooglerare van die Kaapse Ned. Gereformeerde Kerk aan sy Stellenbosse Kweekskool. Servaas Hofmeyr het sy teologiese studie in Nederland afgesluit met sy promosie tot *Doctor Theologiae* aan die Universiteit te Utrecht. In 1857 keer Dr. Hofmeyr terug na Suid-Afrika en dan staan hy vir drie jaar in die gemeente Caledon en daarna, tot aan sy dood op 5 Desember 1888, te Montagu. In die Kaapse Ned. Gereformeerde Kerk was Dr. Hofmeyr een van predikante wat 'n leidinggewende rol toebedeel is. Tog het hy, om verskillende redes, nooit die algemene agting en waardering wat sy broer, die hoogleraar, te beurt geval het, geniet nie. 'n Taamlik onbarmhartige woordtekening van Dr. Hofmeyr van die hand van D. P. Faure, wat hom seker nie goedgesind was nie, verskyn in *De Volksblad* van 17 November 1870 in die rubriek *Zakspiegeltjes* wat deur D. P. Faure onder die skuilnaam *Icarus* behartig is. Hier word gesê:

„Dr. Hofmeyr: Vriend noch vijand zal ontkennen, dat wij hier met een alleronaangenaamst wezen te doen hebben. Daar was een tijd dat de Doctor elk oogenblik opwipte van zijn stoel om de eene of andere zotte opmerking te maken, maar, zoo als ik reeds vroeger heb gezegd, Ds. du Plessis heeft thans den Doctor geheel en al geëclipseerd. De Dr. van Montagu is dan ook reeds zoo dikwijls op zijn plaats gezet, dat het hem eindelijk begint te vervelen, en nu is hij in zijn schelp gekropen. De Assessor vraagt nu niet meer, gelijk vroeger, over elk onderwerp het woord, en zijn mollig armpje zwaait niet meer zoo lustig onder 't spreken als voorheen. 't Blijkt, dat zelfs een Utrechtsche Doctor in de Theologie wijsheid leeren kan. De „Argus", en uw blad, mijnheer de Redacteur, hebben hem niet te vergeefs de les gelezen. Zelfs zijn dikke huid kan de slagen hem toegebracht, niet langer verdragen. He evidently winces. Zijn woordenrijke, langgerekte en vervelende aanspraken komen thans zeldzamer dan ooit te voren. Hij begint te bemerken, dat als hij in zijn wijngaard te Montagu is „monarch of all he surveys", hij dat niet overal is. Hij begint te ontdekken, dat de onzin die hij uitkraamt, en de opgeblazenheid, die hij aan de dag legt, door ieder welopgevoed mensch eenvoudig stuitend word gevonden. Ik zeg niet te veel als ik beweer dat zijn vrienden zich over hem schamen en zijne vijanden hem uitlagchen. Ik weet niet of 's Doctors wijn- en brandewijnbouw te Montagu hem de tijd laat om aan de fraaije letteren zijn Eerw's. aandacht te wijden. Ik twijfel er aan, daarom is het misschien goed hem hier voor te leggen eenige regelen van De Genestet, „Aan een hollandsche knaap."

Die brosjure van Dr. Hofmeyr het die gevraagde reaksie van die kant van Ds. Postma uitgelok en in 1875 het sy *Geprovoceerde Herinnering en Teregtwijzing aan den WelEerw. Zeergel. Heer S. Hofmeyr* te Kaapstad verskyn. Op 'n rustige en bedaarde toon het Ds. Postma Dr. Hofmeyr

van 'n antwoord bedien en terselfdertyd ook verskillende historiese feite verstrek wat seker nie sonder belang is nie.

Die persoon en werk van Ds. Postma behoef geen verdere omskrywing hier nie aangesien daar reeds aandag aan sy persoon en werk gegee is. Twee van die belangrikste studies oor Ds. Postma kan hier genoem word nl. S. P. Engelbrecht, Ds. *Durk Postma voor sy koms in Suid-Afrika,* artikel in *Hervormde Teologiese Studies, Jaargang* 5, Pretoria 1949 en G. C. P. van der Vyver, *Professor Dirk Postma* 1818—1890, Potchefstroom 1958.

Die *Geprovoceerde Herinnering* van Ds. Postma het geen verdere gepubliseerde reaksise uitgelok nie sodat die twee brosjures wat hier weereens gepubliseer word, die omvang van die destydse gedagtewisseling is.

Die *Genootskap* wil die hoop uitspreek dat die drie referate en die twee brosjures, waarvan die her- publikasie moontlik gemaak is deur die vriendelikheid van Prof. Dr. S. P. Engelbrecht wat die oorspronklike uitgawes besit, die aandag van ook die gereëlde lesers van die *Studies* sal mag geniet.

A. D. Pont,
*Sekretaris: Kerkhistoriese Genootskap.*

Universiteit van Pretoria,
Pretoria.
28 Maart 1960.